Gereformeerde
Kerk Benoni

4 Julie 2010

Lees: Matteus 25:14-30

Teks: Hele gedeelte

Tema: Is jy ’n goeie rentmeester?

Votum

en

Groetseën

Ons is almal hier tesaam - 1

Ons is almal hier tesaam,
vergader in sy Naam,
verheerlik Hom.
Tot die dood was Hy getrou
en daardeur is ons nou sy eiendom.
Kom ons leef soos wat Hy vra
en leer om te verdra
en liefde na te streef.
Loof Hom, Christus, die Heer.

Ons is almal hier tesaam - 2

Ons is almal hier tesaam,
verenig in sy Naam, verheerlik Hom.
Met ons hart en mond en hand,
ons kragte en verstand
kom loof ons Hom.
Hou ons lewend deur u Gees,
laat ons u kinders wees
en U bo alles eer.
Jesus Christus, die Heer.

Lied 212 : 1, 2, 3

Loof die Heer, Hy is goed,

loof sy heilige Naam;

laat alles in die groot heelal

die Here loof.

Refrein:

Ek wil die Here loof...

Lied 212 : 1, 2, 3 - Refrein

Ek wil die Here loof

(ek wil die Here loof),

loof met my hele hart

(loof met my hele hart)

Hy gee hul wat roep,

weer nuwe krag.

Lied 212 : 1, 2, 3

Hy't my sonde vergeef
en Hy maak my sy kind -
laat alles in die groot heelal
die Here loof.

Refrein:

Ek wil die Here loof...

Lied 212 : 1, 2, 3 - Refrein

Ek wil die Here loof

(ek wil die Here loof),

loof met my hele hart

(loof met my hele hart)

Hy gee hul wat roep,

weer nuwe krag.

Lied 212 : 1, 2, 3

Loof, o Hemel, die Heer

Al die engele saam

Laat alles in die groot heelal

Die Here loof.

Ek wil die Here loof....

Lied 212 : 1, 2, 3 - Refrein

Ek wil die Here loof

(ek wil die Here loof),

loof met my hele hart

(loof met my hele hart)

Hy gee hul wat roep,

weer nuwe krag.

Lied 464 : 1, 2

O Heer my God,

as ek in eerbied wonder -

en al u werke elke dag aanskou:

die son en maan,

die aarde, sterre, wolke,

hoe U dit elke dag so onderhou...

Dan moet ek juig...

Lied 464 : 1, 2 (vervolg)

Dan moet ek juig,

my Redder en my God!

Hoe groot is U; hoe groot is U!

Want deur die hele skepping klink

dit saam:

hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Lied 464 : 1, 2

Ek sien die veld -

die bosse, berge, vlaktes.

Ek hoor hoe fluister

grasse, stroom en wind.

O Heer, U sorg

vir klein, vir groot, vir alles

en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Lied 464 : 1, 2 (vervolg)

Dan moet ek juig,

my Redder en my God!

Hoe groot is U; hoe groot is U!

Want deur die hele skepping klink

dit saam:

hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Woord- en Gebedsdiens

Lees: **Matteus 25:14-30**

Teks: **Hele gedeelte**

Tema: **Is jy ’n goeie rentmeester?**

Eksodus 20:15

15“Jy mag nie steel nie.

Matteus 25:14-30 (teks: Matt 25:

14“Verder gaan dit soos met ’n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaargeroep en sy besittings aan hulle toevertrou. 15Vir een het hy vyf goue muntstukke gegee, vir ’n ander twee, en vir ’n derde een. Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamheid gegee en toe op reis gegaan.

16“Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, het dadelik daarmee gaan werk en ’n wins gemaak van nog vyf. 17So ook die een wat twee gekry het: hy het ’n wins gemaak van nog twee. 18Maar die slaaf wat een gekry het, het ’n gat in die grond gaan grawe en sy eienaar se geld daarin weggesteek.

19“Na ’n lang tyd het die eienaar van daardie slawe
teruggekom en van hulle rekenskap gevra. 20Die een
wat vyf goue muntstukke ontvang het, kom toe en
bring die ander vyf saam, en sê: ‘Meneer, vyf goue
muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met vyf
ander wat ek wins gemaak het.’21Toe sê sy eienaar vir
hom: ‘Mooi so! Jy is ’n goeie en getroue slaaf. Oor min
was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en
deel in my vreugde!’
22“Toe kom die een met die twee goue muntstukke en
sê: ‘Meneer, twee goue muntstukke het u aan my
toevertrou. Hier is dit met twee ander wat ek wins
gemaak het.’23Sy eienaar sê toe vir hom: ‘Mooi so! Jy is
’n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor
baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!’

24“Toe kom die een wat een goue muntstuk ontvang
het, en sê: ‘Meneer, ek ken u en weet dat u ’n harde
man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar
u nie geplant het nie. 25Omdat ek bang was, het ek u
muntstuk in die grond gaan begrawe. Hier het u u geld
terug.’26Toe sê sy eienaar vir hom: Jy is ’n slegte en ’n
lui slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai
het nie, en pluk waar ek nie geplant het nie. 27Dan
moes jy my geld in die bank gesit het, en ek sou dit by
my koms met rente teruggekry het. 28Vat die muntstuk
van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien
het. 29Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy
sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook
die bietjie wat hy het, weggevat word. 30En gooi die
nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis daarbuite.
Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.”

Teks: Hele gedeelte

Tema:

Is jy ’n goeie rentmeester?

Antwoorddiens

Sb 10-2 (Sb 28)

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking;
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen
vir ewig en ewig, amen.

Antwoorddiens

Kollekte:

Diens van Barmhartigheid

Antwoorddiens

Aan die Vader dank en ere

Aan die Vader dank en ere

Laat ons saam Sy lof besing

Hy het al ons skuld vergewe

Laat ons hom hulde bring

Hy’s genadig en magtig

Die bewerker van ons heil

Kom ons loof Hom kom ons eer Hom

vir liefdevolle seën

Aan die Christus ons aanbidding

Hy's dit waardig Lam van God

Hy kom leer ons wat is liefde

Dit is Sy groot gebod

Hy's gestuur deur die Vader

En so stuur hy ook vir ons

Kom ons loof Hom kom ons eer Hom

vir liefdevolle seën

Die erkenning vir Sy leiding
bring ons dankbaar aan die Gees
Hy kom ons oortuig van sonde
So wil Hy ons genees
Hy bring lewe en oorvloed
as die Woord ons altyd lei
Kom ons loof Hom kom ons eer Hom
vir liefdevolle seën

Jesus, groot bo almal - 1

Jesus groot bo almal
Sterke verlosser
Magtige Heer en Heiland
Immanuel God is met ons
Reddende Here, lewende Woord

Jesus, groot bo almal - 2

Here nie meer twyfel
Vreugde en blydskap
lewe in oorvloed gee U
Immanuel God is met ons
Reddende Here, lewende Woord

Habakuk

Al sou die vyeboom nie bot nie
En daar geen druiwe aan die wingerde wees
Al sou die olyfoes misluk
En die lande geen oes lewer nie.
Al sou daar geen kleinvee in die kampe meer
wees nie en die beeskrale sonder beeste wees.
Nogtans sal ek in die Here jubel sal ek juig oor
God my Redder.

Koor:

Die Here my God, gee vir my krag
Hy maak my voete soos die van 'n ribbok
Op hoë plekke laat Hy my veilig loop

(Herhaal)

En al sou dit donker word hier rondom my
En dit voel of U hand verwyder is van my
Sal ek op U vertrou

Koor:

Die Here my God, gee vir my krag
Hy maak my voete soos die van 'n ribbok
Op hoë plekke laat Hy my veilig loop
(Herhaal koor)

Wegstuurseën

&

Amen

Gereformeerde
Kerk Benoni

4 Julie 2010